

# Nuwe Boordontwikkeling

## PLANTPROTOKOL VIR PRUIMBOME

*Die sukses van 'n nuwe pruimboord begin lank voor die eerste boom geplant word. 'n Doelgerigte plantprotokol, van boomkeuse en vervoer tot wortelvoorbereiding en aanplanting, is van kardinale belang om sterk groei, siekteweerstand en volhoubare produksie te verseker. Hierdie artikel gee 'n praktiese oorsig van beproefde riglyne vir die ontwikkeling van nuwe boordblokke, met spesifieke fokus op gehaltebeheer, grondvoorbereiding en die kritieke eerste maand ná aanplanting.*

### BOOMBESTELLINGS

» Bestel bome minstens een jaar voor die beplande aanplanting om seker te maak van sterk, goed ontwikkelde bome met gesonde wortelstelsels.

» Kies die regte onderstam vir die spesifieke grondtipe op die plaas. Moenie eksperimenteer met onderstamme waarvoor daar nie gedokumenteerde sukses op daardie grondtipe is nie.

» Plant bestuiwers op dieselfde onderstam as die hoofkultivar om bestuiwingsprobleme te voorkom.

» Bevestig by die kwekery watter minimum standaarde geld vir gelewerde bome voordat 'n bestelling onderteken word.

» Besoek die kwekery om boomgrootte en -gehalte te evalueer en bespreek dit met die kweker.



### VERVOER EN ONTVANGS VAN BOME

- Vervoer en ontvangs van bome kan uitdagings inhou.
- Inspekteer bome dadelik op die plaas terwyl die drywer nog teenwoordig is.
- Aanvaar slegs bome sonder sigbare tekens van bakteriese of ander siektes, met 'n goed ontwikkelde, fyn wortelstelsel.
- Neem foto's en dokumenteer die grootte en gehalte van die bome.
- Inspekteer blaarogies en entlas om die gehalte te bevestig.
- Bevestig by die kwekery hoe die wortels tydens vervoer teen uitdroging beskerm is. Hulle moet klam wees by aflewering.
- Moet onder geen omstandighede swak, siek of stresgeteisterde bome aanvaar word nie. Dit lei dikwels tot swak groei of sterftes.

## STOOR VAN BOME

### *In die grond:*

- Trek 'n sloot vooraf in 'n goed gedreineerde area naby die toekomstige boord vir tydelike berging.
- Bedek wortels onmiddellik met grond en dien water toe.
- Sommige onderstamme, soos Viking, is baie sensitief vir uitdroging.
- Verseker dat alle wortels deeglik met grond bedek is, sonder lugruimtes rondom..

### *In die koelkamer*

- Koelkamerberging is moontlik, maar steenvrugte is minder gehard as kernvrugte.
- Te lae temperature kan lote beskadig. Hou temperature tussen 2°C en 4°C. Bevestig dit met die kwekery.
- Koue lug het lae humiditeit, so neem maatreëls om wortels klam te hou.

## BOOMGEHALTE

### *Boomgrootte*

- Inspekteer die kwaliteit van die entlas.
- Bome moet ten minste 1.6 m lank wees.
- Vermy klein of dun bome. Hulle is meer geneig tot terugslae.
- Klein bome het ander voedingsbehoeftes as groter bome.

### *Wortelstelsel*

- Inspekteer die wortels vir siektes.
- Plant slegs bome met 'n goed ontwikkelde, lewende wortelstelsel.
- Vermy bome met droeë of dooie wortels.

## SIEKTES

- Kyk vir:

1. Kroongal
2. Bakteriese kanker



## PLANTPROTOKOL

### *Voorbehandeling teen Kroongal:*

- Daar is net een kans om nuwe wortels voor plant teen Kroongal te behandel.
- Kroongal kan ernstige finansiële verliese veroorsaak.
- Doop alle wortels in Ras 84 voor plant, 1 sakkie vir 50 bome.
- Ras 84 is 'n biologiese, voorkomende behandeling. Dit genees nie reeds besmette bome nie.

## AANPLANT VAN BOME:

- Moet nie bome plant tydens reën nie.
- Vermy aanplanting direk ná swaar reën in kleigrond om grondkompaksie in die plantgat te voorkom.
- Grondkompaksie veroorsaak die "potplant-effek" waar wortels net binne die gat groei. Dit lei later tot stres en swak vrugproduksie.
- Plantgate moet net voor plant gemaak word. Los kante met 'n vurk om kompaksie te voorkom.
- Gatte moet groot genoeg wees vir wortels om gemaklik te pas, sonder buiging of sny.
- Verwyder net klein hoeveelhede ingeboede bome op 'n slag, 2 keer in die oggend, 2 keer in die middag, om uitdroging te beperk.
- Stoor bome tydens plant naby die boord in watergevulde kratte of bins.
- Gebruik Biocult tydens plant:
    - Gooi 1 klein koppie op wortels in die gat
    - Vul halfpad, gooi nog 1 koppie op grond
    - » Voltooi dan opvulling
- Biocult, Mycorrhizae, verbeter wortelontwikkeling, voedingstof- en wateropname en weerstand teen siektes.
- Bou 'n klein grondwalletjie om die boom om waterdammetjies ná reën te voorkom.
- Indien dit nie reën nie, besproei direk ná plant om lugruimtes te verwyder.
    - Maak bome vas aan al drie drade vir stabiliteit.
    - Snoei dun bo-punte terug met 20–30 cm tot waar hout van goeie gehalte sigbaar is.
    - Plant so dat die entlas ongeveer twee vingers bokant grondvlak uitsteek.

## PLANTPROTOKOL VERVOLG...

## DIE EERSTE MAAND NA PLANT:

- Spuit Lift by die eerste tekens van knop-ontwikkeling om groeistimulering en draadvulling aan te moedig.
- Moenie te vroeg met kunsmistoediening begin nie. Aanvanklike groei kom van reserwes.
- Wortelaktiwiteit neem eers toe by grond-temperature bo 14°C. Dit is wanneer bemesting effektief raak.
- Dien klein hoeveelhede kunsmis toe op 'n slag, aangesien wortelsone nog beperk is.
- Blaarvoedings kan begin sodra blare groot genoeg is, gewoonlik begin Oktober, maar moniteer groei.
- Vermy oorbesproeiing, veral by onderstamme wat sensitief is vir nat grondtoestande, om stres esiektes te voorkom.

*Vriendelike groete,*

Jacques du Toit

JACQUES DU TOIT
CPC Tegniese Raadgewer

